Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# DIE O.B.

Jrg. 12. Kaapstad, 10 Desember 1952. Prys 3d. Nr. 4.

# VOORSITTER DUI DIE REPUBLIKEIN SE BELEID AAN

**'n Dringende oproep om steun en fondse vir Die Republikein, wat in Januarie aanstaande jaar sy eerste verskyning maak, en 'n uiteensetting van die blad se beleid, is vervat in onderstaande verklarings wat deur die voorsitter van die Grootraad, prof. D. J. van Rooy, en die Noordelike Beheerraadsleier, mnr. K. J. H. Behrens, uitgereik is. 'n Soortgelyke oproep van dr. F. D. du Toit van Zyl, Suidelike leier, het enige weke gelede in Die O.B. verskyn. In sy uiteensetting van die posisie verklaar prof. Van Rooy namens die Grootraad as volg:**



PROF. D. J. VAN ROOY

In 1 Oktober 1952 se uitgawe van Die O.B. het ek in 'n „aansporing tot 'n nuwe begin" o.a. die volgende gesê: „Die eerste en noodsaaklike stap wat gedoen moet word — ook in opdrag van die Laertrek — is 'n onafhanklike, republikeinse blad. **Soos dit ‚Di Patriot' se taak was om ons van ons eie Afrikaanse taal bewus te maak, sal dit hierdie blad se geskiedkundige taak wees om ons eie staatstelsel, die republiek te propageer. Ons hoop dat die blad dan ook „Die Republikein" sal heet en die mondstuk sal wees van alle republikeine ongeag hul party of nie-partyverband."**

En verder: „In die praktyk sal dit beteken dat Die O.B.-blad herdoop sal word; dat die nuwe blad die beginsels en doelstellings van die O.B. sal propageer maar nie die amptelike orgaan van Die Ossewabrandwag sal wees nie. **Die blad sal inteendeel die mondstuk van alle Afrikaner-republikeine wees wat ter gelegenertyd in die groter republikeinse beweging saamgesnoer kan word."**

### BEKRAGTIG

Hierdie woorde het destyds op my persoonlike verantwoordelikheid verskyn. Dr. F. D. du T. van Zyl was egter dadelik bereid om hom namens die lede en vriende van die O.B. in Wes- en Oos-Kaapland daarmee te vereenselwig. Nogtans moes die Grootraad van die O.B. hom toe nog oor die hele aangeleentheid uitspreek. Dit het nou op sy Pretoriase vergadering van 5 November jl. geskied. Namens die Grootraad het ek derhalwe nou die eer en die genoeë om nie alleen bostaande aanhaling te bevestig nie maar ook om enkele belangrike besonderhede daaraan toe te voeg:

1. Soos in die vooruitsig gestel, sal die nuwe blad die naam Die Republikein dra.

2. Die blad sal nie die amptelike orgaan van die O.B. of van enige ander bestaande organisasie wees nie, maar sal altyd bereid wees om amptelike nuusberigte en artikels van die O.B. en van enige ander republikeinsgesinde organisasie of persoon te plaas. Dit met behoud van eie selfstandigheid.

### MONDSTUK VIR ALMAL

3. blad moet beskou word as 'n mondstuk van alle republikeine en sal hom positief beywer om ons republikeinse ideaal te bevorder.

**4. In soverre die Nasionale**

(Vervolg in kolom 2)

(Vervolg van kolom 5)

**Party en ander nasionaalgesinde organisasies of persone dieselfde ideaal en strewe toegedaan is, sal hulle die regstreekse steun van die blad ondervind. Die blad sal egter nooit aarsel nie om te waarsku waar en wanneer hy meen dat hierdie koers verlaat word. Daarby hoop hy egter om nooit teenoor bevriende liggame en persone onnodig aggressief op te tree nie.**

5. Die blad sal ook berigte van algemene nuusbelang bevat.

6. Die redakteur sal mettertyd aangewys word.

7. Die eerste uitgawe van Die Republikein sal hopelik in Januarie 1953 verskyn.

8. Verder word vir algemene kennisname aangekondig dat besluit is en gereël word dat die direksie van Voorslag (Edms.) Bpk. sal bestaan uit: Dr. F. D. du T. van Zyl, adv. J. F. Marais, mnr. K. J. H. Behrens en prof. D. J. van Rooy.

# Republikeine Sal Op 2 Junie Juig

**Die Unie van Suid-Afrika sal op 2 Junie, wanneer die Britse koningin aanstaande jaar gekroon word, in vreugdevolle lojaliteitsbetuiging uitbars. Net soos in 1937 word die hele land van owerheidsweë opgeroep om fees te vier en hulde te bring aan „ons" koningin. Die jeug van Suid-Afrika sal hoor en sien dat die agterkleinkind van die veroweraar van ons Boere-republieke — waarvan hulle egter nie sal hoor nie — ons „geliefde vorstin" is ter ere van wie hulle sal moet handeklap en medaljes dra.**

**In 1937 het ons hierdie amptelike huldiging beskou as Saplojaliteit, en ons jeug kon ongeskonde hul republikeinse verset bewaar. Maar nou? Sal hulle nou maar soos die destydse Sap-jeug die hulde van hul vaders en leiers as eg moet aanvaar en hulle daarmee vereenselwig?**

Die eerste minister se kantoor het verlede week aangekondig dat die kroningsdag 'n openbare vakansiedag sal wees en dat militêre parades op elke dorp in die Unie en Suidwes gehou sal word benewens 'n groot wapenskou in Pretoria en Kaapstad.

'n Saluut van 21 kanonskote sal in die vyf hoofstede van die Unie-provinsies en Suidwes die blye tyding aankondig dat Suid-Afrika se tweede Elizabeth die septer oor hom opneem — tensy die Skotte Suid-Afrika kan oorreed om saam met hulle te aanvaar dat Elizabeth I nooit ons koningin was nie. In daardie geval sal sy Elizabeth I heet.

**Veertien dae lank sal die vernaamste staatsgeboue in feesgewaad die volk tot vreugde oproep oor die nuwe Empire-skakel — ongetwyfeld die vreugde om te kan gee in Brittanje se nood!**

Aan die woning van die Goewerneur-Generaal sal feesgevier word by wyse van 'n staatsdinee.

### DIE JEUG

Origens sal die regering dit verwelkom indien plaaslike besture en kerke self ook reëlings wil tref om die blye dag te gedenk.

**Suid-Afrika gaan 'n tydperk van groot koningsverering tegemoet, en omdat hy 'n republikeinse regering aan die hoof het, sal die volk met soveel groter blydskap in die hande kan klap, want dit is immers nie lojale Sappe wat hom oproep om toe te tree tot die kroningsfeestelikheid nie; dit is goeie republikeine.**

**Net jammer dat die feesvierende jeug koningsverering voortaan sal beskou as die uiting van suiwere republikanisme. En om hierdie indruk deste duursamer te maak, sal die staatsmunt herdenkingsmedaljes vir skoolkinders slaan. In 1937 het die republikeinse jeug geweier om hierdie lojaliteitsbetuiging by die skole in ontvangs te neem. Maar hierdie keer mag so 'n weiering dalk aanstoot gee. Dit is immers 'n geskenk van 'n republiekeinse owerheid!**

# Noorde Sal Sy Deel Doen, Sê Mnr. Behrens

**In samehang met die voorsitter se verklaring, skryf mnr. Behrens:**

**Graag wil ek die aandag van alle lede, kamerade, en vriende van ons republikeinse beweging, hier in die Noorde, te wete Transvaal, Vrystaat en Natal, bepaal by 'n amptelike verklaring so as hierbo opgestel deur die voorsitter van die Grootraad.**

**Met die onlangse eerste Grootraadsitting is volkome eenstemmigheid bereik oor die opdragte ons opgelê deur die jongste Laertrek te Bloemfonten, gehou op 23 Augustus, en die eenparige versoek om 'n onafhanklike republikeinse blad uit te gee, word reeds in vooruitsig gestel vir Januarie 1953. 'n Dringende beroep word op elkeen van u gemaak, om die republikeinse blad daadwerklik te steun.**

**Onmiddellike ondersteuning is nodig, teken in op die blad, en stuur enige fondse deur u ingesamel direk aan die Sekretaris, Die Republikein, Posbus 1411, Kaapstad. Alle bedrae sal erken word. Kragtige vrywillige bydraes is nodig. Die Suide het reeds die voortou geneem, en 'n aansienlike bedrag belowe.**



**Ons in die Noorde sal ons deel doen.**

**Gee die blad aan u republikeinse vriende om te lees, afgesien watter politieke oortuigings hulle huldig, skryf hulle in, en laat ons alger saam wees die draers van 'n ideaal wat sal voortlewe vir ons nageslag.**

# 'N PARTY MOET DAAR WEES—DUS OP SOEK NA BELEID

**„Die Verenigde Party kort 'n Beleid vir die Toekoms" lui die opskrif bo 'n brief in die Cape Times van 3 Desember, wat handel oor die beleidsverklaring van adv. Strauss, 'n paar weke gelede op sy partykongres in die Vrystaat. Die briefskrywer meen dat die party 'n beter beleid moet soek.**

**Diegene wat deurdronge is van die partypolitiek, soek vir 'n politieke party 'n beleid, want vir hom MOET daar 'n party bestaan (Haar Majesteit se Opposisie) en as daar nie voldoende verskil onder die volk ten opsigte van die belangrikste vraagstukke bestaan nie, moet daar kop gekrap word om die nodige verskille uit te delf.**

**Vir diegene wat nog in terme van ons partylose Boere-republieke dink, skyn dit logies dat as 'n politieke party nie meer 'n beleid het nie, die party liewer gelikwideer moet word. Maar die moeilikheid is natuurlik dat die Britse partystelsel wat ons hier sedert 1902 handhaaf, die bestaan van minstens twee partye vereis, en om dit aan te moedig, betaal die regering selfs 'n buitengewone toelaag van £200 per maand aan iemand wat die voortou neem om die regering te opponeer in sy moeilike taak. Aangesien mnr. J. G. N. Strauss op die oomblik hierdie opposisietoelaag ontvang, en sy party sonder beleid sit, moet daar vir hom 'n beleid gesoek word, eerder as dat sy toelaag saam met sy party verval. Immers, wat word van Haar Majesteit se regeringstelsel as daar nie meer 'n amptelike opposisie is nie?**

**Geen wonder nie dat lord Bryce van die Boere-republieke gepraat het as modelstate!**

*Werwers vir*

## DIE REPUBLIKEIN

***Die Republikein*** **wil graag een of meer amptelike intekenaarwerwers hê in elke dorp en distrik. Persone wat bereid is om hierdie noodsaaklike diens te verrig, moet asseblief dadelik met *Die Republikein*, Posbus 1411, Kaapstad, in verbinding tree vir die nodige magtiging.**

***'n Kommissie van 2s. 6d. sal betaal word ten opsigte van elke intekenaar wat vir 'n jaar (volopbetaal) gewerf word.***

**Hier is 'n kans vir studente om 'n hele paar pond sakgeld te verdien!**

***SKRYF DADELIK!***

DIE O.B., WOENSDAG, 10 DESEMBER 1952

# INKSPATSELS OP GETUIGSKRIF

Die tornado-verwoestings wat die afgelope week twee naturelledorpe in Transvaal getref het, het die heilsame geleentheid gebied om aan die wêreld te toon dat die Suid-Afrikaner se naturellebeleid nie op rassehaat wortel nie. Binne enkele minute nadat die ramp plaasgevind het, het blankes daarheen gestroom en gewonde naturelle met hul motors na die hospitaal verwyder, en het honderde blankes by die hospitale tougestaan om van hul bloed te gee vir die ongelukkiges. 'n Fonds wat deur die burgemeesters van Johannesburg en Pretoria geopen is, kon binne twee dae afgesluit word met 'n totaal van meer as £7,000.

**„Nou weet ons wat ons aan die blankes verskuldig is. Sonder hulle bystand sou dit met ons baie kwaliker gegaan het,"** het 'n naturel later aan 'n koerantman gesê.

Dit is duidelik dat hierdie spontane reaksie van soveel blanke samaritane vir die blanke bevolking meer welwillendheid by die naturelle ingeoes het as wat honderde koerantartikels in staat sou gewees het om te doen. **Met 'n enkele daad het die witman onweerlegbaar aan vriend en vyand getoon dat hy die Christelike voog van die naturel is, en daarmee het die anti-blanke propagandaveldtog van agitators 'n kwaai teenslag ontvang.**

## VLIEG IN SALF

Dit sou goed gewees het as die Engelse pers hierdie geleentheid te baat wou neem om hul kritiese geesgenote in die buiteland van hul wanindrukke aangaande blanke bedoelings in Suid-Afrika te verlos. Tot 'n mate het hulle dit gedoen, maar dit is nietemin ongelukkig dat partypolitiek ook hier weer moes ingryp om enige goeie invloed wat die gebeure met hom kon meegebring het, te bederf. In 'n hoofartikel maak die Cape Times onder meer die kwaadwillige opmerking:

„Die opbruising van warme naaste-meegevoel vir daardie duisende gehawende naturelle moes die Swarts en andere wat liberalisme en goedhartigheid veroordeel as 'n verkeerde beleid en tans geweld in die plek daarvan preek, in verleentheid gebring het."

Hierdie aanmerking, wat reeds geloënstraf was deur die aanbod van die regering om 'n voormalige soldatekwartier ter beskikking van die dakloses te stel, sowel as die geldelike bydrae van die departement van naturellesake, is nie net bereken om die wêreld te verstane te gee dat die hulpverlening strydig is met die amptelike staatsbeleid nie, maar dit openbaar 'n algehele wanopvatting omtrent die Afrikanerstandpunt. Dwarsdeur ons geskiedenis was dit immers die uitstaande kenmerk van die Afrikaner om die naturel streng — in ooreenstemming met sy eie tradisie — te behandel, maar daarby so regverdig dat geen Britse blanke geweste dit vandag kan waag om sy geskiedenis ten opsigte van die oorspronklike inwoners langs dié van Suid-Afrika te lê nie. Manne soos Pretorius en Kruger het, wanneer dit nodig was, hardhandig teen die naturelle opgetree om hulle te straf vir weerspannigheid, maar ten spyte daarvan het hulle die agting en liefde van die naturel so gewen dat hulle met die benaming „vader" vereer is.

## NOG 'N INKDRUPPEL

Maar nie net die Cape Times het 'n partypolitieke klad op die getuigskrif van Albertynsville laat drup nie. Ook van die kant van Nasionale koerante is gesondig deur in groot opskrifte suggestief te verwys na die weiering van die naturelle om in die aangebode huisvesting tydelik te gaan woon. In breë swart opskrifte van „Naturelle trek Neus op vir Nuwe Huisvesting" word blankes teen die naturelle beïnvloed — blykbaar omdat 'n antinaturellegevoel te pas kan kom by 'n op hande synde verkiesing — sonder om rekening te hou met sekere faktore wat die naturelle tot hierdie besluit kon beïnvloed het. **Die Polisiehoof se verklaring is immers dat „hulle nou gevoed en versorg word soos nog nooit met hulle gebeur het nie; daarom sal hulle nou alle ander geriewe ontbeer terwille van die kos en klere wat hulle ontvang."**

Sou ons kleurverhouding nie veel gewen het aan welwillendheid nie indien die Cape Times sy snedige verwysing na min. Swart en andere agterweë gelaat het, en Die Burger liewer die vertolking van die Adjunk-kommissaris van Polisie vir die naturelle se weiering aanvaar het, of soos die Cape Times dit gestel het, dat hulle te kenne gegee het dat hulle liewer weer hul eie hutte wil oprig met die beskikbare materiaal — albei heeltemal verstaanbare motiewe in die omstandighede.

Waarom moet die partypolitiek oral en altyd sy vuil vinger in delikate verhoudings steek? Waarom moet die enkele reëndruppels op ons rassevure nog weer ondervang word deur die swart palm van hierdie ingevoerde Britse onrusstelsel?

# Van die Os op die Esel

## Deur Sybrand

### *Liberalistiese Propaganda het ryp geword*

Dit lyk vir my asof die liberaliste in ons land baie ernstig besig is om ondersoek in te stel na die moontlikheid van die stigting van 'n Liberale Party in Suid-Afrika.

Onlangs het ons blad 'n berig geplaas oor mnr. Alan Paton se uitlatings in verband met die wenslikheid van die stigting van 'n liberalistiese politieke party. En sedertdien het 'n Johannesburgse koerant bekend gemaak dat verteenwoordigers van liberalistiese rigtings en liggame in die goudstad vergader het — blykbaar met die doel om 'n program uit te werk vir 'n gesmeenskaplike organisasie.

Dit het reeds ten oorvloede geblyk dat verskeie groot en invloedryke Engelstalige koerante in ons land baie simpatiek gesind is teenoor die beskouinge van die liberaliste. En dat hulle boonop gereeld baie publisiteit verleen aan die uitlatings van bekende liberalistiese voormanne. Dit is gladnie oordrewe om te sê dat die liberalistiese propaganda reeds oor 'n lang tydperk stelselmatig gemaak is nie. Heel waarskynlik beskou die liberalistiese voormanne dat die tyd nou aangebreek het om oor te gaan tot die stigting van 'n Liberale Party.

### *Strauss het die Haas opgeja*

Ek mag verkeerd wees, maar ek verkeer onder die indruk dat mnr. J. G. N. Strauss, die leier van die Verenigde Party die liberaliste aangepor het om hul eie party te stig — sonder dat hy bedoel het om dit te doen. Dit is geen geheim nie dat die liberaliste gladnie gediend is met die Verenigde Party se kleurbeleid van afsondering nie. En nadat mnr. Strauss hierdie V.P.-beleid, wat moeilik van die Nasionale Party se Apartheidsbeleid te onderskei is, op die Uniale kongres van sy party aangekondig het, het die liberaliste begin tekenne gee dat hulle lus het om hul eie party te stig.

Dit mag toevallig wees, maar ek dink nie so nie. Myns insiens het mnr. Strauss die liberaliste binne sy party in 'n ongemaklike posisie geplaas. Hulle moet óf in die V.P. bly en mnr. Strauss se kleurbeleid van afsondering sluk of hulle moet uit die V.P. tree, hulle eie party stig, en die V.P. beveg net soos hulle die N.P. beveg.

Blykbaar het die liberaliste baie lus om laasgenoemde weg te volg. Indien hulle oorgaan tot die stigting van 'n Liberale Party sal dit in ieder geval nie geskied voor ná die algemene verkiesing nie; en ek voorspel dat dit ook nie sal geskied indien die V.P. die verkiesing wen nie.

### *Lastige Pressie-groep*

Maar as die V.P. die verkiesing verloor kan 'n mens met 'n redelike mate van sekerheid aanneem dat die Liberale Party tot stand sal kom. En dit ly weinig twyfel dat die party die steun van etlike belangrike Engelstalige koerante sal geniet nie.

Dit sal besonder interessant wees om te sien wat die Verenigde Party onder hierdie omstandighede sal doen. Die Liberale Party sal vir die V.P. 'n baie lastige pressie-groep wees. Die V.P. sal óf meer en meer klem op sy afsonderingsbeleid moet lê waardeur hy nader en nader na die N.P. sal beweeg, óf hy sal minder en minder klem op afsondering moet lê waardeur hy nader en nader na die Liberale Party sal beweeg.

### *Bespiegelings met Moontlikhede*

Dit is selfs moontlik dat as die V.P. die verkiesing verloor hy sodanig van die politieke toneel mag verdwyn. Die party mag dan sy konserwatiewe elemente aan die N.P. verloor en sy liberalistiese elemente aan die Liberale Party. Dan sal die N.P. die senter wees, met die liberaliste op sy linkervleuel en, bes moontlik, met die republikeine op sy regtervleuel.

Ek het vandag sommer lus gehad om bietjie te bespiegel oor toekomstige politieke ontwikkelinge. Dit is nie voorspellings nie; dis maar net bespiegelings. Maar die moontlikhede daarvan is beslis nie uitgesluit nie.

### *Die Werwelstorms en Atoomontploffings*

'n Leser skryf aan my om te vra of die werwelstorms wat verlede week twee naturelledorpe aan die Rand verwoes het iets te doen kan hê met die onlangse atoombom en moontlike waterstofbomontploffings in die Stille Oseaan.

Ek weet nie. En die geleerde deskundiges trek hul neuse op vir so 'n tipiese lekevraag. Ek het dus geen gesaghebbende antwoord op my leser se vraag nie. Uit die houding van die deskundiges moet my leser en ek maar aflei dat die korrekte antwoord, nee, is.

Wat ek wel weet is dat werwelstorms hul oorsprong in die boonste luglae het en dat atoombom-ontploffings juis daardie luglae versteur. Maar dit bewys niks nie.

Iemand vertel my nou-die-dag dat die stofdampe wat veroorsaak is deur die geweldige vulkaniese uitbarstings in Japan, jare gelede, oor die hele wêreld versprei is deur die strominge in die boonste luglae. Selfs in Suid-Afrika het hierdie vulkaniese stof, wat op sigself onsigbaar was, tog die strale van die ondergaande son dermate gekleur dat dit met die blote oog waargeneem kon word. Maar dit bewys ook niks nie.

### *Propaganda onder Nie-blankes*

Ek wonder of die gemiddelde blanke besef dat daar voortdurend propaganda gemaak word onder die miljoene nie-blankes in ons land vir die totale uitwissing van kleurskeidslyne. Meeste blankes weet dat die „liberaliste" sulke propaganda kwytraak — maar baie van hulle verkeer onder die salige wanindruk dat dit oor die hoofde van die nie-blankes geskied.

Dit is nie die geval.

Dag na dag, week na week, maand na maand, jaar na jaar, by alle moontlike en onmoontlike geleenthede word daar op veelvuldige maniere propaganda onder nie-blankes gemaak vir gelykheid tussen wit en swart. Die doel is om die nie-blankes „op te voed" om met niks minder as totale gelykstelling met die blankes tevrede te wees nie.

Op hierdie wyse word 'n „grief" by die nie-blankes ontwikkel wat te enige tyd deur die agitators vir hulle eie doeleindes uitgebuit kan word.

Dit is hierdie soort propaganda wat die wit-swart verhoudings in ons land vertroebel en rasse-harmonie vernietig.

### *Khama en sy Vrou*

Onlangs het Die Volksblad 'n berig gepubliseer wat aantoon op watter oulike en subtiele wyse die gelykstellingspropaganda by die nie-blankes tuis gebring word. Dit blyk dat die propaganda-moontlikhede van die gemengde huwelik tussen Seretsi Khama en Ruth Williams, die blanke tikster van Londen, ten volle benut word.

Geraamde foto's van Khama en sy wit vrou word nl. teen vyf sjielings stuk aan naturelle op die Vrystaatse goudvelde verkoop om in hulle huise op te hang. Op hierdie wyse word die naturelle-gesin elke dag op aanskoulike wyse daaraan herinner dat 'n rasgenoot 'n wit vrou het. Dit is waarlik giftige propaganda. Want in die kop van elke naturel wat die foto sien moet dit maal: As een naturel met 'n wit vrou kan trou waarom nie ander nie? As een wit vrou die gelyke van 'n naturel is, waarom kan alle witmense en alle naturelle nie gelykes wees nie?

Volgens die Volksblad word die verkoop van dergelike giftige foto's nie deur die wet verbied nie. Ek vind dit jammer. Per slot van sake is dit minagting van die wet wat gemengde huwelike verbied.

### *'n Wit Vrou en Franse Brandewyn*

Die Britse tydskrif Sunday Graphic vertel in 'n onlangse uitgawe van die gemengde huwelik tussen Kenyatta, die gewaande hoof van die Mau-Mau in Kenia, en 'n blanke meisie — 'n huwelik wat blykbaar nie suksesvol was nie.

Volgens die blad het Kenyatta wat in England deur die blankes as gelyke opgeneem is in die land 'n Engelse vrou en seuntjie gekry en owerigens 'n smaak vir wandelstokke met goue koppe en Franse brandewyn ontwikkel. Daarna het hy sy vrou en kind sonder 'n woord in die steek gelaat en na Kenia teruggekeer om die afgod van die Mau-Mau te word.

Die blad verklaar voorts dat die Engelse Welsynsorganisasies die geval Kenyatta sommer soveel kere kan vermenigvuldig. Dit is die dank, aldus die blad, wat die Engelse kry vir hulle gelykstelling tussen wit en swart.

En dit is hierdie soort huwelike wat vandag deur gewetenlose agitators as ideaal voorgehou word aan miljoene baar naturelle.

Ek hoop van ganser harte dat minister Swart se nuwe wet wat gemik is teen opruiers ook sulke opruiing tot misdaad sal verklaar.

# Olie in Afrika Gevind

Die geloof dat daar geen olie onder die grond suid van die ekwator is nie, is finaal die kop ingeslaan deur die ontdekking van 'n ryk oliebron in die Franse kolonie Gabon, in Wes-Afrika. 'n Boorgat naby die dorpie Lambarene lewer 3,000 gelling petroleum per uur.

Intussen word daar van Amerikaanse kant na olie gesoek in Italiaanse Somaliland, en in Portugees-Oos-Afrika, waar die verwagtings hoog is. Die Franse regering is ook besig om op Madagaskar na olie te soek, waar die tekens ook baie gunstig is.

# STRYD LÊ DIEPER AS HOFUITSPRAAK

## Soos Ons Lesers Dit Sien

**Mnr. P. C. Kruger, Blinkwater, Pk. Stofberg, skryf:**

Om te verklaar dat die regering die saak teen adv. Strauss verloor het, dink ek, getuig van oppervlakkige waarneming. Die geveg is nog nie eens halfpad nie, en gaan baie dieper as wat dit op die oog lyk. Dit het tog 'n goeie doel gedien. Daar was duisende wat dit nie geweet het nie, maar nou weet dat die Unie-grondwet 'n Britse wet is wat gesamentlike bestuur van ons land deur wit en swart verpligtend maak. Die hele volk weet ook nou dat ons met behoud van die grondwet nooit baas in ons eie blanke gebied sal kan bly nie. Ook net weiniges het voorheen geweet dat die Britse grondwet ons pad na ons eindbestemming blokkeer. Nou weet almal dit. By dit alles het adv. Strauss baie van sy wapens verloor en verloor hy nog.

Op 'n vergadering te Odendaalsrus, waar ek teenwoordig was, het ek van dr. Malan verstaan dat die volk nou moet kies of hy langer gebonde wil bly aan die grondwet of nie. So 'n beroep op die volk is niks te vroeg nie. Laat ons teruggaan tot waar die stryd begin het. As die alleenheerskappy van die blanke in die blanke gebied bestendig moet word, dan moet die Kleurlinge op 'n afsonderlike kieserslys kom met beperkte verteenwoordiging en die naturelle-verteenwoordiging moet heeltemal afgeskaf word. As die regering dit nie gedoen het nie, sou adv. Strauss nie die kans gehad het om na die hof te gaan nie, en dan sou die regters nie die geleentheid gehad het om so 'n uitspraak te gee nie, en sou dr. Malan nie die kans gehad het om so 'n beroep op die volk te doen nie, en die volk sou ook nog nie geweet het dat ons sogenaamde soewereine onafhanklikheid nie beteken dat ons los van die Britse Empire is nie. In April gaan die volk vir die eerste maal stem tussen die Britse vryheid en ons eie soewereine onafhanklikheid. Wat gaan die O.B. kies?

As die blanke egter baasskap in sy eie gebied wil verseker, moet die Bantoe in sy eie gebied selfbestuur kry. Die Bantoe het ook 'n bestemming en hy het groot dele in Afrika in besit geneem, maar dit is nou grootliks alles onder Britse bestuur of die bestuur van ander nasies, ook in ons land. Die vraag is wie gaan nou eerste aan die Bantoe sy gebied teruggee. So iets sal meebring dat die vrede tussen ons en die Bantoe weer herstel sal word. Verder sal dit die voete van ons vyande onder hulle uitslaan, veral die Britse koerante en predikante met hul kamtige besorgdheid oor mensregte en apartheid, dog wat self weier om die Bantoe sy seggenskap wat hulle afgevat het, terug te gee. Maar hulle is eintlik bekommerd oor hul bediendes, waarmee hulle huigelary aan die kaak gestel word.

# Op Spoor van Entstof teen Polio

**'n Amerikaanse dokter het aangekondig dat hy 'n entstof ontwikkel het uit die brein van ape wat aan kinderverlamming ly, wat immuniteit aan mense van die gevreesde siekte verleen. Dr. Howard Howe van die John Hopkins-universiteit het aan die Amerikaanse Vereniging van Openbare Gesondheid meegedeel dat hy daarin geslaag het om ses kinders met behulp van die entstof immuun te maak teen polio.**

Dr. Howe en sy medewerkers maak nie daarop aanspraak dat hulle eindelik 'n middel ontdek het wat polio sal voorkom nie. Maar slegs dat bewys is dat die middel in sommige gevalle doeltreffend was. Dit is beslis reeds 'n rewolusionêre ontwikkeling op die gebied van polio-navorsing.

Die probleem wat ontkom moet word is om 'n veilige entstof te ontwikkel — wat swak genoeg is om deur die liggaam se eie teenmiddels oorkom te word, maar wat tog sterk genoeg is om die persoon immuun te maak teen verdere polio-aanvalle.

'n Groot Amerikaanse medisyne-saak is tans besig met proefnemings om 'n entstof te ontwikkel uit kuikens wat nog in die dop is. Die sukses van voorlopige toetse met die kuiken-entstof dui aan dat die navorsers op die regte spoor is.

# Brit Moes Kom Raad Gee

Die hoof van die Britse geheime diens, sir Percy Sillitoe, is deur die Suid-Afrikaanse regering uitgenooi om na die Unie te kom en raad te gee in verband met die hantering van die gespanne rassetoestand, volgens 'n mededeling van Churchill in die parlement. Hy kon die uitnodiging egter nie aanvaar nie.

# BLANKE STEDE WORD SWART

**Die spanning wat daar in ons groot stede tussen naturelle en blankes ontwikkel en in die afgelope weke tot ernstige onluste gelei het, vestig die aandag op die omvang wat naturellenedersetting reeds in die blanke gebiede aangeneem het. Volgens syfers verstrek deur die Buro vir Sensus en Statistiek blyk dit dat Pretoria die enigste stad in die Unie is waar die blankes die nie-blankes nog in getalle oortref. In Mei 1951 het Pretoria se blanke inwoners 151,426 getel teenoor 132,756 nie-blankes, hoofsaaklik naurelle.**

Durban se blanke inwoners tel 146,805 teenoor 157,292 Asiate en 142,091 naturelle. Bloemfontein het 48,923 blankes en 56,385 naturelle-inwoners. Die totale bevolking van Johannesburg tel 880,014, van wie 359,539 blankes is. Kaapstad se totale bevolking is 470,797, van wie 216,316 blankes is.

Volgens die voorlopige syfers van die sensus wat in 1951 gehou is, was daar verlede jaar 2,643,187 blankes in die Unie in vergelyking met 2,372,690 in 1946. Die getalle in geval van die nie-blankes was 10,003,188 in 1951 en 8,045,659 in 1946.

### VINNIGER AANWAS

**Van 1946 tot 1951 het die nie-blanke bevolking van die Unie meer as twee keer so vinnig aangewas as die blankes.**

**Die nie-blankes het met 1,957,529 toegeneem terwyl die blankes se getalle maar met 270,497 vermeerder het. Dit beteken 'n aanwas van ongeveer 24 persent in die geval van die nie-blankes en 11.5 persent in die geval van blankes.**

Asiate het 365,524 getel. In 1946 was hulle 285,260. Daar was 1,038,766 Kleurlinge en 63,775 Maleiers. In 1946 was daar 928,484 Kleurlinge en Maleiers saam.

Die totaal vir die naturelle is 8,535,341 in vergelyking met 7,831,915 in 1946.

Die statistiek vir die vier provinsies is soos volg:

### PROVINSIES

TRANSVAAL: Blankes 1,205,458, Asiate 48,892, Maleiers 5,913, Kleurlinge 69,502, naturelle 3,472,640, totaal 4,802,405.

KAAPLAND: Blankes 935,674, Asiate 17,548, Maleiers 56,542, Kleurlinge 923,914, naturelle 2,483,652, totaal 4,417,330.

NATAL: Blankes 274,468, Asiate 299,068, Maleiers 983, Kleurlinge 30,567, naturelle 1,803,347, totaal 2,408,433.

VRYSTAAT: Blankes 227,587, Asiate 16, Maleiers 119, Kleurlinge 14,783, naturelle 775,702, totaal 1,018,207.

# LORD VERWYT B.B.C. OOR PROPAGANDA TEEN SUID-AFRIKA

**Die Britse uitsaaiwese is nog steeds bedrywig met sy anti-blanke hulpdiens. Nadat 'n Britse koerant 'n paar weke gelede beswaar gemaak het teen sekere politieke uitsendings van die B.B.C. „wat die kommunisme in 'n lig voorstel wat alles behalwe ongunstig is" en „wat nie onvanpas oor die Moskouse radio sou wees nie," het lord Milverton, 'n voormalige goewerneur van Noord-Borneo, Nigerië en Jamaica, verlede week hom geroepe geag om ook beswaar te maak teen die strekking van 'n beeldradio-uitsending wat teen Suid-Afrika gemik was.**

'n Paar weke gelede het 'n Arbeider-parlementslid, Chistopher Mayhew, 'n beeldradiopraatjie oor die senders van die B.B.C. gehou wat Suid-Afrika se kleurverhoudings in so 'n ongunstige lig gestel het, dat ook sommige Suid-Afrikaanse Engelse koerante kennis geneem het daarvan.

Nou skryf lord Milverton dat Mayhew, na 'n toer van 10,000 myl in slegs agt weke deur Afrika, 'n praatjie hou oor kleurverhoudings waaroor hy sekerlik nie 'n gesaghebbende in so 'n kort tydjie kon geword het nie. „Op 'n tydstip wanneer die vraagstukke wat kalme hantering vereis, reeds ontplofbaar is, is dit hoogs gevaarlik en uittartend om af te wyk van die reguit pad van onpartydigheid," verklaar hy, en voeg daaraan toe dat Mayhew dubbel so lank en nadruklik die naturelle se kant van die saak gestel het. „Die hele aangeleentheid is so ernstig dat die veronderstelde keuse van die kommentator terwille van vermaaklikheidsoorwegings ondergeskik behoort te wees aan die noodsaaklikheid van deskundiges wat objektief kan oordeel, en wat weens hul ervaring van Afrikaanse toestande in staat sal wees om die saak te benader sonder dogmatiese vooroordeel."


## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar.

Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.

### GEBOORTE

TRUTER. — Aan Anna en Kimmie Truter, 'n fris seun op 3 Desember. Dank aan die Heer. 10/12/1B

### VERLOWING

VENTER—LUGTENBORG. — Hiermee maak ons, Tieneke, enigste dogter van mnr. en mev. Piet Lugtenborg, vroeër van Groblersdal en tans van Pretoria, en Frans, oudste seun van mnr. en mev. Frans Venter, van Derby, bekend dat ons op 28 November verloof geraak het. 10/12/1B

### MEUBELS

MEUBELS.—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad. 3/12/11

### RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, Parow, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits-aannemers. Foon 9-8435.

### HORLOSIES EN BRILLE

H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

## GESKIEDKUNDIGE BUNDEL

**'n Beperkte aantal ingebinde stelle van Die O.B. van die afgelope jaar sal eerlang beskikbaar wees, asook 'n paar bundels van die vorige jaar, teen £1 5s. stuk.**

**Bestel dadelik om seker te maak dat u hierdie historiese bundels ontvang. Skryf aan POSBUS 1411, KAAPSTAD.**



# PRESIDENT STEL TEENSTANDERS IN SY KABINET AAN

**Die groot verskil tussen 'n republikeinse regeringstelsel, waar die president onafhanklik van die volksverteenwoordiging regeer, en gevolglik sy regering op breë grondslag kan saamstel, en die Britse partystelsel waar partyverantwoordelikheid die regering se samestelling tot die partykoukus beperk, is opnuut geïllustreer in die Verenigde State waar die aanstaande president, genl. Eisenhower, die vernaamste persone in sy kabinet aangekondig het. Behalwe dat dit manne insluit wat meer bekend is vir hul sakebekwaamheid as hul partytrou, bevat dit 'n paar uit-en-uit ondersteuners van die Demokratiese Party.**

Genl. Eisenhower het bekend gemaak dat hy John Foster Dulles gaan aanstel as minister van buitelandse sake, Charles Wilson, hoof van General Motors, as minister van verdediging en Douglas McKay as minister van binnelandse sake.

Dulles was buitelandse raadgewer van pres. Truman en was die argitek van die Japanse vredesverdrag.

Wilson is 'n ingenieur wat bekend is vir sy administratiewe bekwaamheid. In 1951 was hy die hoogsbesoldigde man in Amerika met 'n salaris en bonusse van £233,600.

### TWEE DEMOKRATE

**As minister van arbeid het Eisenhower vir Martin Durkin benoem. Durkin is nie alleen geen Republikein nie, maar het tydens die verkiesing 'n aktiewe aandeel in die verkiesing geneem ten behoewe van die Demokratiese Party.** Sy benoeming het weliswaar die misnoeë van senator Taft opgewek, maar Taft se afkeur het niks te doen met die beginsel nie, **want dit is 'n gevestigde gebruik in Amerika dat die president minstens een lid van die teenparty in sy kabinet benoem.**

Durkin is ook nie die enigste Demokraat wat die Republikeinse president tot sover in sy kabinet benoem het nie. As hoof van die federale veiligheidsdepartement het hy mev. Hobby aangestel, wat ook 'n Demokraat is.

### HIER ONMOONTLIK

'n Mens kan vir geen oomblik dink dat dr. Malan 'n verkiesingsagent van adv. Strauss in sy kabinet sal opneem nie, of omgekeerd. Dit kan net nie gebeur nie, want in die partystelsel is die **party** in die eerste plaas verantwoordelik vir regeringsbeleid en nie die eerste minister nie. **Die kabinet staan en val dus saam by die partybeleid, want 'n mosie van wantroue in die regering deur die volksraad, noodsaak die regering om te bedank. Die partykoukus moet dus 'n streng en wakende oog hou oor regeringsbeleid ten einde te verseker dat daar nie botsings na buite geopenbaar word nie. Lede van die kabinet bestaan dus uitsluitend uit volksraadslede van die meerderheidsparty. 'n Lid van die opposisieparty in die kabinet sou die hele boom uit die stelsel slaan.**

### ONVERANTWOORDELIKHEID

Die gevolg van hierdie stelsel is dan ook die bittere en heftige stryd tussen regering en opposisie waarmee ons bekend is. Omdat die opposisie in geen opsig medeverantwoordelikheid dra vir regeringswerk nie, kan hulle dit bekostig en benut om elke optrede van die regering te verdoem.

In Amerika, egter, is die president regstreeks aan die volk verantwoordelik en sy ministers regstreeks aan hom. Elke minister is net vir sy eie departement verantwoordelik en kan dus sy werk doen binne die kabinet sonder om verantwoordelikheid te aanvaar vir wat 'n ander lid van die kabinet doen. In 'n Suid-Afrikaanse republiek sou dr. Malan, as hy die president was, byvoorbeeld — om 'n uiterste geval te noem — vir wyle mnr. J. H. Hofmeyr as minister van finansies kon aangestel het, sonder dat laasgenoemde enige seggenskap oor die beleid van die departement van naturellesake sou gehad het. **Van sy skitterende brein kon die land dus die voordeel gehad het sonder om deur sy afwykende beskouings oor naturellebeleid benadeel te word.**

### NET VERKIESINGS

**So 'n stelsel bring mee dat die stryd tussen partye hoofsaaklik tot verkiesings beperk bly, terwyl dit in die Britse stelsel binne en buite die parlement dag-in en dag-uit voortwoed.** Die gevolg is dan ook dat Amerikaanse kongreslede nie onder 'n koukusdiktatuur staan nie; dit is oorbodig. **Elkeen stem volgens sy oortuiging, en dit gebeur dikwels dat Demokrate en Republikeine teen Republikeine en Demokrate stem.**

**Dit is ook so 'n stelsel wat die ou Boere-republieke geken het, en vir die herstel daarvan ywer ons.**

# Verowering Deur Konferensies

**'n Aangename braaivleisfunksie is verlede Saterdag op die plaas Eikendal, van mnr. Sarel Maree, op Brackenfel gehou ten behoewe van Die Republikein. Dit is deur die noordelike Skiereilandse generaalskap van mnr. J. A. Strauss gereël ter afsluiting van die jaarlikse bedrywighede. Die opbrengs was in die nabyheid van £50.**

Mnr. W. R. Laubscher het 'n kort toespraak gehou en gesê dat omstandighede die eis stel om juis in die tyd waarin ons tans leef die tradisionele republikeinse strewe van ons volk wakker te hou en te bevorder.

In 1938 en in die oorlogsjare daarna, toe die nasionale Afrikanerdom die magtelose opposisie was, het die republikeinse geesdrif baie hoog opgevlam en kon Afrikaners die tyd nie afwag dat die republiek moes uitgeroep word nie. Vandag, wanneer die nasionale Afrikanerdom die mag in hande het, ontbreek die republikeinse geesdrif en het daar 'n louheid by die volk ontstaan ten aansien van hierdie strewe.

Dit is baie jammer dat dit die geval moet wees in die naoorlogse tydperk want Brittanje wat vermoeid en verarmd uit die oorlog getree het probeer tans om homself en sy Empire te red deur nouer aaneensluiting van die Britse moederland, kolonies en statebondskoninkryke. **Hierdie Britse poging om Suid-Afrika meer en meer 'n deel te maak van 'n groter Britse geheel is 'n ernstige bedreiging vir die selfstandigheid en onafhanklikheid van ons land en ons volk — 'n bedreiging wat slegs deur lewendige en praktiese republikanisme die hoof gebied kan word.**

### VEEL MEER KONFERENSIES

Gedurende die vyf jaar vòòr 1948 is daar maar een Britse Empire Konferensie gehou terwyl gedurende die vier jaar daarna reeds nege Empire-konferensies gehou is.

Hierdie Empire-konferensies dek die hele veld van ons volk se bedrywighede en op elke Empire-konferensie word die selfstandigheid van 'n stuk van ons volk se bedrywighede ingeboet deurdat dit ingeskakel word as 'n afhanklike onderdeel van 'n omvattende Britse bedrywigheid.

Op hierdie wyse mag die Britse Empire behou word en sy eenheid bevorder word — maar die prys is die verlies van ons volk se selfstandige optrede.

In hierdie omstandighede is dit nodig dat die stem van ons volk se republikeinse gewete weer gehoor moet word.

### APPÈLHOF-UITSPRAAK

Mnr. Laubscher het gesê dat die Appèlhof se beslissings maar net bevestig het dat die bron van ons parlement se gesag nie die volk is nie, maar die Britse koning en die Britse parlement. Die verskanste klousules is Britse servitute op ons vryheid, wat vandag in die pad staan van die beveiliging van ons blanke belange. Die tyd het aangebreek dat ons nie meer tevrede mag wees met Britse vryheid nie; ons moet ons erfreg eis: republikeinse vryheid.

Mnr. Laubscher het ten slotte 'n beroep gedoen op al die aanwesiges en op alle nasionaalgesinde Afrikaners om die nuwe republikeinse blad wat vanaf aanstaande jaar uitgegee sal word ten volle en met geesdrif te ondersteun.

§ „DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Birdstraat, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers, Voorslag (Edms.) Beperk. Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# SKOTTE VERSTEUR EMPIRE-RUS

**Die eerste ministers van die Britse Statebond wat tans in Londen Empire-konferensie hou, ondervind glo heelwat moeilikheid om die kroningstitels van Koningin Elizabeth tot almal se tevredenheid vas te stel.**

Die Skotse nasionaliste het 'n beroep op die eerste ministers gedoen om tog nie die koningin as Elizabeth die Tweede van Skotland te kroon nie — want Skotland het nog nooit 'n koningin Elizabeth die Eerste op sy troon gehad nie. En Koningin Elizabeth die Eerste van Engeland was op die troon voordat die Unie tussen Engeland en Skotland plaasgevind het.

Die Statebondskoninkryke — Suid-Afrika inkluis — het ook nog nie 'n Elizabeth die Eerste op die troon gehad nie. Maar blykbaar geniet die standpunt van die skotse nasionaliste nie veel steun nie.

Die Britse statebondskoninkryke van Australië en Nu-Seeland wil weer dolgraag hê dat Koningin Elizabeth spesifiek gekroon moet word as koningin van Australië en Nu-Seeland. Suid-Afrika is ook daarvoor te vinde.

**Maar nie Pakistan nie. Die Pakistani wil gladnie hoor van 'n Koningin Elizabeth van Pakistan nie, want die openbare mening in die land is sterk ten gunste van verbreking van die Britse konneksie.**

Indië, wat 'n republiek binnekant die Britse statebond is, wil weer nie hê dat die Koningin as Hoof van die statebond gekroon moet word nie.

Volgens berigte uit Londen blyk dit nou dat die eerste ministers nie die kroningstitels agtermekaar kan span nie.

# Dood Skok Merweville

Merweville was diep geskok toe verneem is van die noodlottige motorongeluk naby Worcester waarin mnr. C. J. Erasmus van die plaas Rondom die lewe gelaat het op 24 Nov. in die ouderdom van 66 jaar.

Sy stoflike oorskot is onder blyke van groot deelneming in die plaaslike kerkhof ter aarde bestel.

Oom Christiaan Prop soos hy alom bekend was, was 'n getroue ondersteuner van die O.B. en met sy heengaan het ons 'n gevoelige verlies gely. Hy was ook in lewe 'n leidende figuur in die dorpsbestuur, 'n saak wat hy met groot bekwaamheid gedien het. — Ingestuur.

Vir Meubels en Radios Phil Morkel is U man!

**Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerk-gebou, vir Radio's, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.**

*Het u al gedink aan 'n mooi*

KERSGESKENK ?

**WATTER GESKENK LÊ DIE NAASTE AAN ELKE AFRIKANER SE HART?**

*Bo alle ander dinge*

DIE REPUBLIEK

*Vanjaar kan U dit aan 'n vriend* SKENK

**LEES HIER** →

**Vanaf 14 Januarie 1953 sal Die Republikein, voorloper van die Republiek, weekliks verskyn. Dis 'n onafhanklike koerant wat slegs die strewe van elke republikeinse Afrikaner sal bevorder. Intekengeld net 15/- per jaar of 7/6 vir ses maande.**

**Vul NOU meegaande opdrag in en skenk hierdie Kersfees die Republiek aan u vriende.**

**OPDRAG**

**Die Sekretaris, DIE REPUBLIKEIN, Posbus 1411, KAAPSTAD.**

Ek sluit .................................... in om **Die Republikein** vir ............................ maande te stuur aan:

**Naam** ....................................................

**Adres** ....................................................

....................................................

....................................................

Pos kwitansie aan bogenoemde en heg netjiese kaartjie aan om te sê dat dit 'n Kersgeskenk is van my.

....................................

Naamtekening